Woensdag **13 November**

**Skrifgedeelte: Genesis 7:21 – 8:7, 12**

**Fokusgedeelte: Genesis 8:1 (AFR83)**

## God dink aan en troos jou te midde van sy oordeel

God dink aan almal wat swaarkry. Hy reik uit na mens en dier in die ark en stuur ’n wind om die aarde droog te waai. Hy neem inisiatief en vertroos die gelowige in sy lyde.

Dit het veertig dae en nagte gereën en daarna is die aarde vir 150 dae oorstroom sodat alles wat geleef het, gesterf het, behalwe dié wat deur God in die ark bewaar is. Noag wag op God se tyd.

Gedurende die sondvloed leer Noag en sy gesin om God alleen te vertrou om hulle op ’n skoongewaste aarde te plaas vir ’n nuwe begin saam met Hom. Hy is bewus van die swaarkry van sy kinders in die beknopte ark en dink aan hulle. Hy vergeet nooit nie.

Noag vra nie, maar God dink aan Noag en die diere in sy groot barmhartigheid en stuur ’n wind om die aarde te droog vir die begin van die nuwe lewe onder sy liefde. Noag stuur eers ’n kraai en daarna ’n duif uit en sodra dit duidelik is dat die aarde droog is, het Noag en almal saam met hom uit die ark gegaan.

Wanneer God al die nasies en Israel straf oor hulle sonde, onthou Hy altyd die gelowiges te midde van sy straf en troos hulle. Jesus Christus het alleen die toorn van God oor die sonde gedra op Golgota, sodat Hy na sy opstanding die geregtigheid wat Hy verdien het, aan die uitverkorenes kan gee.

Glo in Jesus Christus en sien hoe Hy telkens aan jou dink in al die aanvegtinge, lyde op aarde en sy oordeel oor die ongeregtigheid, sien hoe Hy jou beskerm en uitkoms gee op sy tyd. Leef daarom getroos in sy liefde en barmhartigheid.

*Sing Psalm 97-1:7*

*Dr. SJ (Sarel) van der Merwe (Emeritus)*